DEEL 117 | WEEK 22 | 30 MEI 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A



# Tender-twis in Heilbron

## *Raubex handhaaf onskuld en beroep op feite*

'n Onlangse storm op sosiale media het opslae gemaak toe berigte die rondte gedoen het oor die Valke se ondersoek na die konstruksiemaatskappy Raubex, glo oor moontlike tenderkorrupsie. Die maatskappy het egter vinnig gereageer en beklemtoon dat hulle te alle tye volgens die reëls opgetree het en ten volle saam met ondersoekende owerhede werk. Die ondersoek spruit uit 'n tenderproses wat in 2024 van stapel gestuur is as deel van die herbou van die R57-pad tussen Heilbron en Sasolburg – 'n omvangryke infrastruktuurprojekte wat verskeie plaaslike subkontrakteurs moes betrek, onder meer in sektore soos vervoer, masjinerie en sekuriteitsdienste. In ooreenstemming met Raubex se gevestigde prosedures is tenderpakkette geadverteer en is daar 'n verduidelikingsessie gehou by die plaaslike munisipaliteit, waar belangstellende aansoekers ingelig is oor die riglyne en spesifikasies. 'n Onafhanklike siftingspaneel – bestaande uit 'n gemeenskapskakelbeampte, 'n ingenieur van die Departement van Gemeenskapsveiligheid, Paaie en Vervoer, 'n Raubex-verteenwoordiger en 'n lid van die plaaslike sakeforum – het die aansoeke geëvalueer op grond van kriteria soos plaaslike betrokkenheid, reputasie en voldoeningsvermoë. 'n Minimum van 30% van die tender bedrag moet aan plaaslike sub kontrakteurs gaan. Die tender vir sekuriteit op die R57-projek is toegewys aan Khabirise Holdings – 'n firma met 51% vroulike eienaarskap en 'n geregistreerde adres in Heilbron. Kort daarna het 'n ontevrede mededinger egter beweer dat Khabirise nie "werklik plaaslik" is nie, ondanks die feit dat hul kwotasie laer was as dié van die klaer. Die Departement van Paaie en Vervoer het 'n formele ondersoek ingestel en bevind dat Khabirise Holdings reeds sedert 2016 met 'n Heilbron-adres by die Maatskappy- en Intellektuele Eiendomsregistrasiekantoor (MIERK) geregistreer is. Geen onreëlmatighede is gevind nie. Raubex het intussen benadruk dat hulle nie aanspreeklik gehou kan word vir enige adresveranderinge ná die siftingsproses nie. Hoewel die saak teen middel-2024 bedaar het, het die Valke later versoek vir dokumentasie ingedien. Raubex het alle versoekte dokumente voorsien en ten volle saamgewerk. Geen verdere optrede het daaruit voortgevloei nie – totdat 'n nuwe deursoekings- en beslagleggingslasbrief onlangs uitgereik is. Volgens Raubex is dieselfde dokumentasie weer voorsien en word hul regsverteenwoordigers nou gekonsulteer vir verdere stappe. "Ons het niks om weg te steek nie," sê Geoffrey Molala, kontrakbestuurder by Raubex. "Ons werk binne die raamwerk van die wet, en ons vertrou dat die feite vir hulself sal spreek." Die maatskappy het ook beklemtoon dat alle vereiste registrasies, insluitend dié by PSIRA (Private Sekuriteitsbedryf Reguleringsowerheid), vir publiek toeganklik is. Raubex sê hul benadering was van die begin af een van deursigtigheid, gemeenskapsbetrokkenheid en volgehoue nakoming van prosedures. Die vraag bly egter: Is daar werklik 'n saak teen Raubex – of is dit bloot 'n geval van suurdruiwe ná 'n wettig afgekeurde tender op 'n groot projek?









# Uitnodiging aan die publiek: Verkiesing van Gemeenskaps Polisie Forum in Heilbron

Heilbron SAPD nooi graag die publiek uit om deel te neem aan die komende verkiesing van nuwe lede vir die Gemeenskaps Polisie Forum (GPF) wat op Donderdag, 5 Junie 2025 om 14:00 by die SAPD-saal in Heilbron sal plaasvind.

Hierdie forum dien as ‘n belangrike skakel tussen die polisie en die gemeenskap en speel ‘n sleutelrol in die voorkoming van misdaad en die bevordering van veiligheid in die omgewing. Die teenwoordigheid van inwoners, organisasies en belanghebbendes word aangemoedig.

Die gemeenskap se samewerking is van uiterste belang om sosiale misdaadvoorkoming effektief aan te spreek.


**BESIGHEIDSURE**


**Maandae - Vrydae:**
**08:00 - 16:30**
**Saterdae:**
**09:00 - 12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

**POSTNET HEILBRON**





# Uit die Pen:
## Week 22

Ek wens ek het geweet hoekom party mense dubbele standaarde het. Ek praat nie nou van reëls, regulasies en wette nie. Ek praat van mense. Hulle sê iets sus, en daarna so, en hou die agterdeur oop: “Moenie my *judge* nie.” Ek dink laasgenoemde is ’n *sêding* soos wat “daardie ou is ’n narsis” geword het.

Het jy al gehoor hoe hulle praat? *Judge* sal ek *judge*, veral as jy my uitnooi om dit nìè te doen nie.

Saterdag was ‘n interessante en lekker dag. Vroeg-vroeg was ons op pad Boeremark toe. Dis ‘n heerlike Saterdagoggenduitstappie. As jy een Saterdag in Pretoria is, ry Silverton se kant toe. Dit wemel van mense. Party kom met hulle waentjies, ander dra sakke met vars blomme of eet aan ’n warm pannekoek of melkkos.

Op pad soontoe sal jy sal sommer die streep karre sien. Daar is varsprodukte, suiwel, boerderygoed, tuingoed, leerprodukte, ingemaak, droë vrugte, tweedehandse boeke, klere, kuns, kos, gebak en honde. Ja, jy kan jou hond saamvat. Orals is bakkies water vir Woef. Ons koop gewoonlik jogurt wat ’n landbouskool in die omtrek maak.

Van daar af gaan ons ouetehuis toe. Ek sê altyd dat my skoonma en my goeie man se skoonma in dieselfde ouetehuis bly. Ek stoot my ma in haar rolstoel (sy kan nie meer as twee treë alleen gee nie omdat sy, twee weke nadat sy 88 geword het, haar heup gebreek het en ’n pen moes inkry. Voor dit het sy ook nie soos ’n Springbokstapper beweeg nie, maar nou is dit baie stadiger.)

Goeie man gaan haal sy ma op vloer vier. Dit was die eerste “lang” stap vir haar. Die afstand tot in die tuin het haar bewys dat sy nog kan loop, al is dit met haar karretjie. Sy het drie weke gelede ‘n knievervanging gehad. Sy word 90 in September.

Ons gaan sit op die ouetehuis se stoep, in die son. Ons eet die stukkie koek wat ek saamgebring het, en ons deel sommer met ‘n tannie wat naby sit. Ek neem my ma se rolstoel en stoot haar na die tuinbedding. Ek pluk klein takkies roosmaryn, suurlemoenverbena, oreganum en laventel, kneus dit tussen my vingers en gee dit vir haar om te ruik en te identifiseer.

Toe al die oumense terug is in hulle woonstelletjies, verlaat ons die ouetehuis. Ons gaan kyk na ‘n resies vir klein elektroniese karretjies. Dit is deel van ’n lang projek wat deur die leerders ontwikkel word, en wat deel van hulle jaarpunte uitmaak. Ek land langs ‘n vrou wat baie praat.

Eers kyk sy hier, dan daar, dan praat sy weer sewe vinnige sinne. Dis toe nou hier waar die dag interessant raak. “Jy weet, ek is hoogs begaafd.”

Ek skrik so half, as jy so sê, dink ek.

“Ek kon wiskunde doen toe ek drie jaar oud was. Ek het my maats ook geleer.”

Goed so. Ek sukkel nog met die basiese hoofrekene, maar ek kan myself help. Wiskunde I op Universiteit ten spyt.

“My twee kinders is net so begaafd. My dogter lees Terry Pratchett se dik boeke. My seun kon op vier lees. Hy het homself geleer.”

Okay, dis nou oulik. Ek weet van hoërskoolkinders wat nog sukkel om lees onder die knie te kry. Dalk nie omdat hulle onbegraafd is nie. (Is daar ’n woord soos “onbegraafd”?)

“My familie is net so begaafd. My een oom is ‘n ingenieur, die ander ‘n chemikus. My tannie is ‘n CA en my ander tannie is ‘n aktuaris.”

Goed so, my grootouers was te arm om iemand te laat leer, maar al hulle kinders was suksesvol en het baie goed gedoen in hulle onderskeie beroepe.

“My skoonfamilie was regtig ‘n bietjie dom, hulle het nie gaan leer nie. Nee, ek dink een het gaan leer, maar sy is maar net ’n onderwyser. Snaakse spul.”

Jip, ons het almal snaakse mense in ons omtrek. Ek glo nie dat alle onderwysers dom is nie. Maar ek bly maar stil.

“Ek wik en weeg nou of ek my PhD gaan doen.”

Ek is bly oor haar ambisie. Ek is net so bly dat ek nie gedwing word om dit te doen nie. Die naaste wat ek aan ‘n PhD kom, is in my naaldwerkkamer. Ek noem dit *Projects Half Done*.

“Dit gaan my sò verveel. Gelukkig het ek sommer nou vir Frans op eerstejaarsvlak ingeskryf, want ek het nooit Frans geneem nie.”

*Parlez-vous français*? is al waaraan ek kan dink.

“Maar daar is net dom mense in my klas. Siestog.” Sy kyk rond. “Want daardie kursus is net basiese taalvaardigheid. Dom, sê ek jou.”

Sjoe, dink ek. As jy so sê. Duisende ander mense sal jou nie glo nie.

“Ek wil binnekort teologie gaan studeer, want ek wil weet presies wat in die Bybel staan. Maar as jy nou dink dat my Franse klas dom mense het, moet jy daar gaan kyk. Lyk my hulle skryf net vir teologie in as hulle nie toelating kry vir ander kursusse nie.”

Jong, ek weet nie so mooi nie. Daar is vakke soos Grieks en Hebreeus wat vir my na propperse Grieks en Hebreeus klink.

“Nee, want, dis net vir onnosel mense. Sien, ek is eintlik in die Dopperkerk, maar hulle is sò *judgmental*.”

Ek stik saggies. Dis hoekom ek *flussies* na die dubbele standaarde verwys het. Die hele gesprek is gewy aan *judging*. Die persoon het almal en alles uitmekaar getrek en beledig. Maar moet net nie dieselfde met haar doen nie, want dan is jy *judgmental*. Ek wens ek kon haar dit sê ook.

Maar ek kan seker nie. Ek is maar net ‘n volwasse vrou met ‘n B Sc graad en ‘n onderwysdiploma.

Dalk is ek ook te dom.

# Bykans 'n kwart miljard rand belê in Koppies–Senekal-Padprojek

'n Nuwe era van hoop en ontwikkeling breek aan vir die inwoners van Koppies. Ná jare van ekonomiese agteruitgang, werkloosheid en beperkte geleenthede, begin die gemeenskap uiteindelik tekens van betekenisvolle verandering sien.

In haar Provinsiale Rede van 2025 het die Premier van die Vrystaat, Me. MaQueen Letsoha-Mathae, aangekondig dat 'n algehele transformasie in die provinsie aan die gang is – met spesifieke fokus op die herstel van waardigheid, die skepping van werksgeleenthede, en die bevordering van volhoubare ontwikkeling in agtergeblewe gemeenskappe soos Koppies.

'n Belangrike dryfveer agter hierdie vernuwing is die Koppies–Senekal-padinfrastruktuurprojek, waarin die provinsiale regering 'n indrukwekkende R211 miljoen belê het. Hierdie projek strek egter veel verder as net padbou – dit is 'n belegging in mense, hul toekoms en die herlewing van gemeenskappe.

Die projek het reeds 680 werksgeleenthede geskep, met 'n sterk klem op insluiting en gelykheid: 60% van die werkers is vroue, 40% is jongmense, en 5% is persone met gestremdhede.

Daarbenewens is plaaslike ondernemings bevoordeel deur die implementering van die 30%-beleid vir plaaslike onderaanneming, waardeur sowat R34,5 miljoen in die plaaslike ekonomie geïnjekteer is.

Hierdie strategiese benadering het nie net ekonomiese aktiwiteit in die streek gestimuleer nie, maar ook vertroue begin herstel tussen die regering en die gemeenskap – 'n verhouding wat deur jare se agteruitgang en wantroue onder druk was.

"Ons is besig om 'n nuwe hoofstuk te skryf – een van hoop, waardigheid en geleenthede," het Me. Letsoha-Mathae gesê. "Koppies is 'n voorbeeld van hoe beleggings in infrastruktuur 'n ware verskil in mense se lewens kan maak."

Vir die inwoners van Koppies beteken hierdie projek meer as net 'n nuwe padverbinding – dit simboliseer 'n nuwe rigting vir die dorp en sy mense.

Die herlewing is tasbaar: werksgeleenthede, plaaslike besigheidsgroei, en die gevoel dat hulle nie langer vergeet is nie.

Met elke kilometer wat voltooi word, beweeg Koppies nader aan 'n toekoms van geleenthede en volhoubare groei. Die gety is besig om te draai – en hierdie dorpie aan die hart van die Vrystaat staan gereed om vorentoe te beweeg.






# Senior Burgers kuier gesellig saam

"Noem ons sommer 'profesionele leeglêers', of 'toekatieners'. Selfs 'kieriebrigade' sal doen, maar moet ons net nie 'oud' noem nie," is daar verlede week skertsend gewaarsku tydens die NG Moedergemeente se jaarlikse senior burgeronthaal.

Oudergewoonte is daar behoorlik uitgehang om die gemeente se ouer lidmate lekker te bederf.

Die verrigtinge het afgeskop met 'n verwelkomingsjerrie by die deur waarna daar aan pragtige versierde tafels aangesit is. Elke gas het 'n bederfpakkie, geborg deur Pakworks, ontvang en daar is ook "musical gifts" gespeel voordat die feesmaal bedien is.

Gebraaide sosaties, geurige groente, geroomde aartappels en gestolde mostertring was ondermeer deel van die spyskaart. Die ete is met 'n sny melktert afgerond en daarna is daar nog behoorlik gekuier en gelag oor allerhande staaltjies.

Die span braaiers en vrouediensvoorvatters is geloof vir die moeite wat hul aangegaan het om het hierdie geleentheid van samehorigheid moontlik te maak. Aan die einde van die verrigtinge is daar net weer bevestig: Dis 'n fees om 'n Moederkerker te wees! Volgende jaar maak ons weer só.





## Spog met nóg 'n nuwe bus



*Hoërskool Heilbron is trots om aan te kondig dat die skool nou oor nóg 'n splinternuwe bus beskik. Hierdie waardevolle toevoeging sal hoofsaaklik gebruik word vir die vervoer van leerlinge na en van skoolverwante aktiwiteite en uitstappies. André Janse van Rensburg hoof van die skool se beheerliggam het met trots die sleutels van die nuwe bus aan die skoolhoof, Mnr. Johnny, oorhandig. Hierdie gebaar simboliseer nie net 'n belegging in die veiligheid en gerief van die leerders nie, maar ook 'n verbintenis tot die voortdurende ontwikkeling van die skool. Hoërskool Heilbron sien met opgewondenheid uit na die vele mylpale en herinneringe wat saam met die nuwe bus gemaak gaan word.*


HUIS BRON VAN HEIL

Huis Bron van Heil
Heilbron Tehuis vir Bejaardes

**VAKANTE BETREKKING**

**Bestuurder**

**Posvereistes:**

- Applikant moet oor 'n minimum van Graad 12 beskik
- Tweetalig [Afrikaans en Engels]
- Geldige bestuurslisensie
- Toepaslike bestuursondervinding
- Kennis van vorige ondervinding van bejaardesorg en die bestuur van 'n verpleegsorgeenheid met verpleegpersoneel sal u aansoek versterk.
- Toepaslike tersiêre kwalifikasie[s] sal sterk as aanbeveling dien
- Rekenaarvaardigheid is noodsaaklik
- Kennis van SAGE
- Kennis van arbeidsverhoudinge en toepassing van relevante wetgewing
- Goeie interpersoonlike en kommunikasie vaardighede.

**Pligte:**

- Die aangewese kandidaat sal regstreeks aan die Direksie rapporteer en verantwoordelik wees vir die oorhoofse bestuur van die wooneenhede vir 64 mense en die verpleegsorgeenheid vir 52 verswakte bejaardes.
- Verouderingsbestuur; Finansiële bestuur; Instandhoudingsbestuur; Inrigtingsorg; Menslike Hulpbronbestuur; Fondsinsameling; Administratiewe take.
- Bestuur van begrotings en bates

**Geskikte kandidate moet slegs hul CV stuur na:**
**E-pos: faniemalherbe84@gmail.com**
**Gebruik verwysing: Heilbron Bestuurder**
**Sluitingsdatum: 13 Junie 2025**


## Oom Thinus en Tannie Moira vier hul Mylpaal



Heilbron – Die dorp Heilbron vier saam met Oom Thinus en Tannie Moira Herman, wat vandeesweek hul 65ste huweliksherdenking gedenk – 'n indrukwekkende mylpaal van liefde, vennootskap en lewenslange diens aan mekaar én aan hul gemeenskap. Hoewel hulle tans in Bethlehem woon, bly hul nalatenskap diep gewortel in Heilbron.Vir die breër gemeenskap was hy bekend as dr. Herman, 'n gerespekteerde leier en voormalige hoof van Clover Heilbron. Maar vir dié wat hom van nader leer ken het, sal hy altyd Oom Thinus bly – 'n nederige en opregte mens met 'n diep liefde vir sy medemens en sy dorp. Tannie Moira, stigter en eerste skoolhoof van Kleuterkasteel Kleuterskool, het 'n onuitwisbare nalatenskap nagelaat in die onderwyssektor van Heilbron. Ná haar skooljare het sy met dieselfde toewyding gesorg dat die dorp se middelmannetjies in die strate netjies en mooi bly – 'n taak wat sy as persoonlike roeping hanteer het. Haar omgee vir die dorp en sy mense was altyd haar prioriteit.

Die Herman-egpaar het diep spore getrap in Heilbron se ontwikkeling en gemeenskapslewe. Hulle was nie net leiers in hul beroepe nie, maar ook lewende voorbeelde van integriteit, diensbaarheid en opregte omgee. Vir baie, veral dié wat saam met hul kinders op skool grootgeword het, was Oom Thinus en Tannie Moira 'n stille maar kragtige voorbeeld van hoe om ander eerste te stel.

In 'n tyd waarin opregtheid en gemeenskapsgees soms skaars is, bly die Herman-egpaar 'n herinnering aan waardes wat blywend is. Daar is geen twyfel dat Heilbron vandag 'n ryker plek is danksy hul lewens en nalatenskap nie.

Die gemeenskap wens hulle geluk met hierdie besonderse geleentheid. Hul bydrae is van só 'n aard dat baie meen hulle verdien die titel van ereburgers van Heilbron.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Kinder Beskermingsweek 29 Mei 2025 - 5 Junie 2025*






**Regte en verantwoordelikhede**

**Verduideliking:**

- **Regte** – Dit kan beteken dat jy 'n **wettige reg** het om **iets te hê** of om **iets te doen**. Dit beteken dat as jy die reg het om **iets te doen**, dan is dit die wet dat niemand jou kan keer om dit te doen nie. As jy die reg het om **iets te hê**, dan is dit die wet dat niemand jou kan keer om dit te hê nie bv. Jy het die reg tot opvoeding.
- **Verantwoordelikhede** – Dit is die **verpligting** wat ons het om na te kom wat verband hou met die regte wat aan ons toegeken is bv. Jy het die verantwoordelikheid om jou tuiswerk te doen wat verband hou tot jou reg tot opvoeding.



**Kinderregte**

1. Ek het die reg om 'n naam te hê.
2. Ek het die reg om versorg te word.
3. Ek het die reg tot 'n skoon en veilige tuiste.
4. Ek het die reg tot kos, water en gesondheidsorg.
5. Ek het die reg om teen mishandeling en misbruik beskerm te word.
6. Ek het die reg tot lewe, veiligheid en vryheid.
7. Ek het die reg om teen verwaarlosing en vernedering beskerm te word.
8. Ek het die reg tot onderwys en om skool toe te mag gaan.
9. Ek het die reg om te ontwikkel en te ontspan volgens my ouderdom.
10. Ek het die reg tot 'n geloof.
11. Ek het die reg tot gelyke behandeling.
12. Ek het die reg tot menswaardigheid en respek.
13. Ek het die reg tot beskerming teen gedwonge arbeid.
14. Ek het die reg tot 'n nasionaliteit.

Met elkeen van my regte, het ek ook die verantwoordelikheid om ander se regte te respekteer.

MyKlaskamer.com

# Wateronderbreking van minstens 16 dae



Ngwathe Munisipaliteit waarsku inwoners oor beplande watersluiting

Inwoners van Heilbron, Phiritona en Sandersville word gewaarsku om hulle voor te berei vir 'n wateronderbreking van minstens 16 dae, vanaf 30 Mei tot 14 Junie 2025.

Rand Water gaan gedurende hierdie tyd die Sasolburg-reservoir afsluit vir verpligte Damveiligheidsevaluasie (DSE) en skoonmaakwerk, soos vereis deur regulatoriese standaarde.

Die sluiting sal ernstige ontwrigting in die watervoorsiening veroorsaak, maar die Ngwathe Munisipaliteit verseker inwoners dat alternatiewe waterreëlings gedurende dié tydperk in plek gestel sal word.

In 'n mediavrystelling wat op 26 Mei 2025 deur die munisipaliteit uitgereik is, versoek hulle inwoners om geduldig en verdraagsaam te wees terwyl hierdie noodsaaklike werk gedoen word. Die doel van die onderbreking is om langtermyn verbeterings aan die Rand Water-distribusiestelsel te bewerkstellig.

Vir enige verdere navrae of opdaterings, word inwoners aangemoedig om met hul onderskeie raadslede in verbinding te tree.




Since
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
EJ
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
• GIF MENGTENKS
• SAADMENGERS
• STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
• SPIRAAL ROLLER
• STROPER SLUITPARTE
• VERVOERBANDE
• WAENS
• SPUITE
Cnc Plasma Snywerk:
• SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR
www.

2005

**SWL. 8000 KG**

## Herstelwerk:

- AGRI IMPLEMENTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK



## Trailers: ONDERDELE & SEILE

triangle

WEWELER

HENRED FRUEHAUF





## Bearings:

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SPROCKETS
- LASER SNY VAN AGRI-SPROCKETS



BEARINGS INTERNATIONAL

BMG

## Hidrolies:

- VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- SILINDERS
- MOTORS





## Cnc Laser Snywerk:

- SAGTE STAAL - SNY TOT 20MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 12MM DIKTE
- SNY MET 'N TOLERANSIE VAN ± 0.003 VAN 'N MM





.co.za

# Riemland Museum: Gemeenskapsvergadering benodig jou bywoning!

Liewe Gemeenskapslede,

Ons plaaslike museum is 'n beskermer van ons geskiedenis, kultuur en erfenis – 'n plek waar die verlede bewaar word sodat ons dit aan ons kinders kan oordra. Maar om ons Museum lewendig en relevant te hou, het ons júlle hulp nodig.

Daarom nooi ons elke lid van die gemeenskap hartlik uit na die jaarlikse vergadering wat sal plaasvind:

- **Datum: 7 Junie 2025**
- **Tyd: 10:00**
- **Plek: Riemland Museum Heilbron**

Tydens hierdie vergadering sal ons idees bespreek vir die toekoms van die museum, insluitend geleenthede vir betrokkenheid, uitstallings, opvoedkundige programme en fondsinsameling. Jou teenwoordigheid en insette is van kardinale belang – elke stem maak 'n verskil!

**Waarom moet jy kom?**

- Jy het 'n sê oor wat vertoon en beskerm moet word.
- Help om die Museum te bou wat ons hele gemeenskap verteenwoordig.
- Maak seker ons kultuur en geskiedenis word eerbiedig en akkuraat oorgedra.
- Bou 'n gevoel van samehorigheid en trots.

Sluit by ons aan, bring jou idees, vrae, en entoesiasme. Laat ons hande vat en saamwerk om ons museum 'n trotse baken van ons gemeenskap te maak wat ook toerisme kan lok na Heilbron.

Ons het baie vriende van die Museum wat ons ondersteun, byvoorbeeld Oom Neels Lues wat help met die gronde, Oom Sampie Orthon help weer met NCD/Clover en ander geskiedenis asook AfriForum Heilbron se hulp hier en daar. Enige tipe betrokkenheid sal waardeer word. Ons kan 'n groot sukses maak indien almal hande by mekaar sit en help.

**Vir enige navrae, kontak asseblief**
Piet Lombard 082 466 5750.
Ons museum. Ons stories. Ons trots.
**Riemland Museum Voorsitter:**
Lanzo Soothill



*Op die foto vl: Piet Lombard en Sampie Orthon.*

# Heilbron Brandvereniging

Die winter is hier en die brandseisoen is op hande.

'n Algemene jaarvergadering is gehou op 10 April 2025. Tydens die vergadering het die vier Brandbeskermingverenigings van Heilbron saamgesmelt om die nuut gestigde Heilbron Brandvereniging te vorm. Die volgende lede is tot die bestuur verkies: Voorsitter: Jeff Roos, Ondervoorsitter: Willie Matthee, Tesourier: L.J. Botha, Brandbeampte: Paul Keogh.

Die sektorleiers is soos volg: Gottenburg: Jadri Beyers, Vegkop: Cornè van der Merwe, Moedersdeel: Hannes Malan, Hoogte: Fanie Snyman en Slootkraal: Herman Kriel.



Alle grondeienaars moet nuwe aansoekvorms voltooi. Indien jy nie 'n aansoekvorm ontvang het nie, het ons nie jou inligting nie! Kontak Louise Snyman Rekenmeesters by selnommer 082 510 1939 of stuur e-pos aan ontvangs@snymanrek.co.za vir die nodige inligting en vorms.






# Lushay Barends Crowned 2nd Princess at Miss Inter-Pageant SA

Eight-year-old Lushay Barends from Heilbron has captured the hearts of judges and supporters alike during the Miss Inter-Pageant SA 2025, where she was proudly crowned 2nd Princess. This young model is a true inspiration to her community, proving that age is no barrier to big dreams and dedication.

Lushay took to the stage with confidence, grace, and style, leaving a lasting impression with her poise and personality. Her achievement is a reflection of her hard work, as well as the love and encouragement she receives from her family, mentors, and the community.

But this is only the beginning for Lushay. She is currently preparing to compete in the upcoming Miss Supremacy SA pageant, which will take place in August this year. This event promises to be another exciting milestone in her modeling journey.

Lushay and her family would like to sincerely thank the community for their continued support, encouragement, and belief in her dreams.




WINKELURE
HEILBRON HERALD

**MAANDAE TOT DONDERDAE:** 07:30 - 17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za





*PC en Ansumé is getroud op 24 Mei 2025 te Red Ivory, Magalies. PC is die seun van Ronél Delport woonagtig in Vanderbijlpark. Ansumé is die dogter van Erich en Almari Vogel woonagtig in Rustenburg. Die egpaar vestig hulself ook in Rustenburg.*




# Surina verwerf graad met onderskeiding

Surina Claassen, jongste dogter van trotse ouers, Cornelis en Stephanie Claassen, blink uit op die NWU verhoog in Potchefstroom, waar sy haar graad in Ondernemingsbestuur met Onderskeiding (Cum Laude) verwerf.

Surina was ‘n tuisonderrig leerder gedurende haar laerskool jare.

In haar hoërskool jare het Surina in Afrikaanse Hoërskool Kroonstad (Rooiskool) diep spore gaan trap, waar sy op die leerderraad van beide die skool en koshuis gedien het. Surina sluit haar skool loopbaan af op ‘n hoogtepunt toe sy Rooiskool se laaste Dux-leerder word voordat die skole saamgesmelt het om Hoërskool Trio te word.

Surina studeer egter verder by Potchefstroom se NWU kampus, waar sy tans besig is met haar Honneursgraad in Ondernemingsbestuur.

Baie sterkte Surina, mag dit suksesvol wees. Ons is baie trots op jou.



*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za


TELWIEDRÉ VOERE

**Produksiebestuurder**

Telwiedré Voere beskik oor ‘n vakature vir bogenoemde, hoogs verantwoordelike en uitdagende pos.

Voornemende kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-

* Goeie menseverhoudinge
* Onder druk kan werk
* Verantwoordelik en stiptelik
* Nougeset en akkuraat
* Neem van leiding
* Effektiewe reëlings kan tref
* Betroubaar en lojaal
* Vinnig kan dink om goeie besluite te neem
* Konsensieus en pligsgetrou
* Netjies, professioneel en vriendelik
* Deeglik, akkuraat en bekwaam kan werk
* Oor leierseienskappe beskik

***Pligte behels:***

- Verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van die produksiefasiliteit, organisasie van personeel en die vervaardiging van vereiste tonnemaats
- Die toesien en verseker dat kwaliteit produk tydig volgens beplanning, behoefte en bestellings geproduseer word.
- Bestuur van werkerkorps en stelsels om afsnytye te haal.
- Sien toe dat SHE, ISO/AFMA en Afri-Compliance kwaliteitstelsels nagekom word.
- Lei ‘n span van 80 personeel op die terrein.
- Verbeter leierskap, spanbou en bemagtigingsvaardighede van individuele bestuurders
- Voortgesette nakoming van Gesondheid en Veiligheid en Omgewingswetgewing en -beleid
- Demonstreer leierskap en motivering tesame met die skep van ‘n span wat geredelik verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar
- Kommunikeer met belanghebbendes en verseker dat aan kliënte se verwagtinge voldoen word
- Maksimeer voltooide produk kwaliteit standaarde en konsekwentheid
- Handhaaf higiënestandaarde en die implementering van alle prosedures
- Onderhou stelsels volgens maatskappyvereistes

**Vaardighede & Ervaring**

Ten minste 5 jaar in vervaardigingsomgewings of voorsieningskettingbestuursrol.
Ten minste twee jaar met aanspreeklikheid in middelbestuursrol
‘n Graad of ekwivalent word verkies
Verslaggenerering en data-interpretasie
Rekenaarvaardig MS Office

BELANGSTELLENDES:- Epos u skriftelike CV aan admin@telwiedre.co.za
SLUITINGSDATUM:- **Vrydag, 06 Junie 2025 om 14h00**

www.telwiedre.co.za telwiedre@heilbron.co.za Botha St, Heilbron, 9650


# Geliefde Heilbronner oorlede



*Annemari Knoetze is oorlede op 26 Mei 2025. Haar begrafnis vind plaas Saterdag 31 Mei 2025, vanuit die AGS Kairos, Heidelberg. Annemari laat na haar broers, susters, seun en twee kleinseuns.*



# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

**ESTATE LATE:** ANNA ELIZABETH MEYER
**ESTATE NUMBER:** 11757/2012
In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the Liquidation and Distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter of longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Master of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the Executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**LATE ESTATE:** Anna Elizabeth Meyer
**ID-NO.** 4609160012088
**ESTATE NO:** 11757/2012
**LAST ADDRESS:** Farm Modderfontein, Heilbron
Province of the Master's Office Bloemfontein Free State, Magistrate's Office Heilbron.
**TERBLANCHE LEGAL INC**
**DJ TERBLANCHE**
**9 PRETORIUS STREET, PETRUSBURG, 9932**
**E-MAIL: estates@ditsim.co.za**
**TEL: 073 918 3619**

## Jaarbeplanner 2025

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub


## FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National


# DIENSTE


SPAN VAN DRAAD
Indien u draad wil span.
Kontak Samuel Mofokeng
065 904 4349








# TE HUUR


## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**


*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za


YOU THINK IT - WE PRINT IT
YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST





marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
POSTNET HEILBRON

HERALD *Sport*




# Ope dag by Koppies Rolbalklub

Die afgelope naweek het die twee spanne van Heilbron Rolbalklub deelgeneem aan 'n ope dag by Koppies Rolbalklub. Wat dit so spesiaal maak is die feit dat Koppies Rolbalklub na 5 jaar se rolbaldroogte weer op die been gebring is deur Arend en Katrien Koekemoer. 14 Spanne het saamgetrek om die klub te ondersteun net soos 'n rolbalfamilie kan doen. Dit leer ons net weer om jou dorp se fasiliteite te alle tye te ondersteun sodat dit kan voortbestaan. As 'n klub van enige aard, golf, rolbal of tennis tot niet gaan is dit bykans ontmoontlik om dit weer op die been te bring.



*Op die foto bo agter vlnr: Bennie Steenkamp, Andries Swart, Edward en RJ Muller. Voor vl: Tanya Steenkamp, Johnnie Fourie, Sonja Muller en Hannalie Claassen.*

# Heilbron verwelkom dapper fietsryers van Investbro Changing Lives Foundation

Heilbron het Saterdag 'n besonderse groep fietsryers van die Investbro Changing Lives Foundation verwelkom. Hierdie toegewyde span van nege fietsryers was besig met 'n epiese rit van Johannesburg na Durban, wat oor vyf dae gestrek het en 'n afstand van ongeveer 750 kilometer. Die doel van hul reis is om fondse in te samel vir verskeie liefdadigheidsprojekte wat werklik 'n verskil in mense se lewens maak.

Die fietsryers is nie net op soek na avonture nie – hulle ry met 'n doel. Een van die hoofbegunstigdes van hierdie fondsinsameling is 'n man wat binnekort die bekende Comradesmaraton gaan aan durf. Wat dié poging besonders maak, is dat hy nog nooit vantevore 'n maraton gehardloop het nie. Tog glo die woordvoerder van die groep dat hy 'n uitsonderlike langafstandatleet is en dat sy deelname aan hierdie ikoniese wedloop inspirasie aan vele sal bied.

Nog 'n belangrike rede vir hul poging is om geld in te samel vir 'n vrou wat gestremd gelaat is nadat sy verskeie beroertes oorleef het. Sy is tans in rehabilitasie en het geen mediese dekking vir die toestand nie. Die span hoop om genoeg fondse in te samel om haar behandeling en herstelproses te ondersteun.



Die Investbro-span ondersteun ook verskeie ander liefdadigheidsprojekte, en hul toewyding aan gemeenskapsontwikkeling en menslike welstand is duidelik in elke kilometer wat hulle aflê.

Na hul besoek aan Heilbron het die fietsryers koers gekies na Reitz, en van daar verder het hulle na Clarens, Winterton, Pietermaritzburg, en uiteindelik Durban, gereis waar hul ongelooflike avontuur tot 'n einde gekom het.

Die gemeenskap van Heilbron is trots daarop om sulke inspirerende individue te kon ontvang en wens hulle sterkte toe met die res van hul reis en hul missie om lewens te verander.

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 2 JUNIE 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 3 JUNIE 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ERMELO: EHLERSKROON BONSMARAS
11:00, plaas Goedgedacht
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
REITZ: LANGLYF & NONNIE TULI STOET
11:00, Avoca, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WOENSDAG - 4 JUNIE 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
TRICHARDT: HIRSHAW LIVESTOCK
11:00, plaas Grootvlei
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

DONDERDAG - 5 JUNIE 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KROONSTAD: TOVIC BRANGUS
11:00, plaas Wonderfontein
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 6 JUNIE 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Dawel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

